

Van der Merwe, JM  
Universiteit van Pretoria

## Die Ope Brief na 30 jaar: Steeds 'n wekroep aan die NG Kerk

### ABSTRACT

#### The Open Letter after 30 years: Still relevant to the Dutch Reformed Church

The Open Letter to the Dutch Reformed Church was published on the 9th of June 1982. The Open Letter addressed serious problems in church and society with special regard to reconciliation, church unity and the prophetic calling of the church. It also proclaimed its solidarity with those who suffered in an unjust society. The reception of the Letter caused huge turmoil in the church but played an important role in motivating the church to revisit its policy on church and society. Three decades later, this article revisits the Letter and asks the question if, and then confirms that the Open Letter still has a relevant message to the Dutch Reformed Church. This is especially true with regards to a certain style of leadership, reconciliation, church unity, the prophetic calling of the church and solidarity with those who suffer in an unjust society. After thirty years, the message of the Open Letter is just as relevant and still challenges the Dutch Reformed Church as it did in the past.

### INLEIDING

Op 9 Junie 1982 is die Ope Brief aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Kerkbode gepubliseer (Die Kerkbode 9 Junie 1982:1). Alhoewel dit een van die minder bekende dokumente<sup>1</sup> uit die vroeë tagtiger jare van die vorige eeu is, het hierdie brief groot openbare reaksie uitgelok. Dit word bevestig deur die berigte wat in die openbare media verskyn het. Opskrifte soos: "Groot groep leraars reik ope brief uit oor kerk se roeping" (Die Kerkbode 9 Junie 1982:1), " 'n Brief wat pleit vir egte versoening" (Beeld 9 Junie 1982:1), "Brief kan deure vir NGK oophou" (Die Burger 10 Junie 1982:1) en " Kerk in beroering oor brief" (Beeld 9 Junie 1982:1) het die omstrede aard van die inhoud van die brief verklar. In die brief is ondermeer verklaar dat die kerk "altyd sal getuig dat geen samelewingsordening van die fundamentele onversoenbaarheid van mense en mensegroepe mag uitgaan en 'n samelewingsbestel op so 'n uitgangspunt mag baseer nie" (Bosch, König & Nicol 1982:15) Dit is ook duidelik gestel dat 'n bestel waarin onversoenbaarheid tot 'n samelewingsbeginsel verhef word en die verskillende dele van die bevolking van Suid Afrika van mekaar vervreem, onaanvaarbaar is. Die brief het voortgegaan om die verskillende apartheidswette te kritiseer en het dit duidelik te stel dat alle mense wat Suid Afrika as hulle vaderland beskou betrek moet word by die uitwerk van 'n nuwe samelewingsbestel (Gaum 1997:32). Die doel van hierdie artikel is om die boodskap van die Ope Brief na 30 jaar weer onder oë te neem en die vraag te vra of die brief wat soveel beroering veroorsaak het, nie dalk 'n stem is wat in die huidige Suid Afrikaanse konteks weer gehoor moet word nie. Ten einde hierdie vraag te beantwoord sal opnuut gekyk word na die aanloop tot en die ontstaan van die Ope Brief, die inhoud van die brief en die reaksie op

---

<sup>1</sup> Die Hervormingsdaggetuienis wat in Oktober 1980 gepubliseer is en die Belharbelydenis van 1982 is van die meer bekende dokumente.

die Brief voordat daar tot 'n gevolgtrekking gekom sal word dat die boodskap van die brief inderdaad 30 jaar later in 'n post Apartheid Suid Afrika steeds 'n helder wekroep tot die kerk in Suid Afrika is.

## DIE ONTSTAAN EN DOEL VAN DIE OPE BRIEF

Ten einde die impak van die Ope Brief te verstaan, is dit belangrik om kortliks terug te blaai na die ontstaan van die Brief. Volgens Nicol en Lückhoff (1982:24,) twee van die ondertekenaars van die brief, het die debat rondom die beleidsdokument *Ras Volk en Nasie en volkereverhouding in die lig van die skrif*<sup>2</sup> nie-amptelike gesprek in die Ned Geref. Kerk gedurende die sewentiger jare gestimuleer. Die publikasie van die *Hervormingsdaggetuienis*<sup>3</sup> en die verskyning van twee boeke naamlik *In die Stroomversnellings*<sup>4</sup> in 1980 en *Stormkompas*<sup>5</sup> in 1981 het hierdie debat verder aangewakker. 'n Teologiese kongres het kort op die hakke van die belangwekkende publikasies in Januarie 1981 in Pretoria gevolg. Met die tema: Die kerk in die tagtiger jare" het die referate van dr P Rossouw en Proff HJC Pieterse en DJ Bosch wye publisiteit geniet (Lückhoff & Nicol 1982:25). Dit is duidelik dat die koor van stemme wat teen die Ned Geref. Kerk se rassebeleid opgegaan het, sterker en harder geword het. Die opstellers van die brief stel dit dan ook duidelik dat hierdie koor van stemme 'n groot invloed op hulle uitgeoefen het en dat die inhoud van die brief die kulminasie was van 'n groter stroom van denke wat binne die Ned Geref. Kerk teenwoordig was en wat nie in *Ras Volk en Nasie* tot sy reg gekom het nie (Lückhoff & Nicol 1982:25). 'n Verdere belangrike rede vir die brief was die ekumeniese bande van die Ned Geref. Kerk wat binnelands en buitelands as sorgwekkend getipeer is (Lückhoff & Nicol 1982:25). Die troebel vaarwater waarin die Ned Geref. Kerk met *Ras Volk en Nasie* beland het, kon nie langer geïgnoreer word nie.

Hierdie standpunt word verder ondersteun deur die doel van die brief soos wat dit deur prof DJ Bosch verwoord is. Hy het ondermeer gesê: " Dit is 'n oproep aan die kerk, in die naam van die Koning van die kerk om, op bepaalde punte, die kloof tussen die teologiese en sosiologiese gestaltes van die kerk te verklein. Die Ope Brief is dus nie 'n poging om oor elke aspek van die kerklike lewe standpunt in te neem nie. Dit gaan slegs oor sekere aspekte van kerk - wees wat in die oordeel van die ondertekenaars in hierdie bepaalde tydsgewrig dringend aandag moet kry"(Bosch 1982:35). Die skrywers het dit duidelik gestel dat die dokument nie 'n nuwe geloofsbelijdenis, verklaring of getuienis was nie, maar 'n brief wat aan 'n spesifieke adres gerig was en daarom 'n antwoord ver wag het. " 'n Brief beteken per definisie gesprek, aksie en reaksie. Dit is 'n diskussie bydrae en nie 'n finale dokument nie"(Bosch 1982:35).

## DIE INHOUD VAN DIE OPE BRIEF

Dat die Brief 'n uitnodiging tot gesprek was, word verder deur die inhoud daarvan onderskryf. Die brief het uit drie hoofde bestaan naamlik: Die versoening en die eenheid van die kerk, die profetiese roeping van die kerk en laastens is solidariteit betuig met die wat gely het onder

---

2 Die dokument is in 1974 deur die Algemene Sinode van die Ned Geref. Kerk as beleidsdokument aanvaar.

3 Die hervormingsdaggetuienis is deur agt teoloë van die Ned Geref. Kerk opgestel en op 5 November 1981 in die Kerkbode gepubliseer.

4 Die werk is geskryf deur dr FE O' Brein Geldenhuys, uitredende hoof-uitvoerende amptenaar van die Ned Geref. Kerk

5 Die bundel opstelle het verskyn onder die redaksie van prof NJ Smit en drs. FE O Brein Geldenhuys en PGJ Meiring.

die onregverdigde bestel van apartheid (Van der Merwe 1990: 278).

## Versoening en eenheid

Wat versoening aan betref het die brief soos volg gelui: " Ons is oortuig dat die primêre taak van die kerk in ons land die bediening van versoening in Christus is"(Bosch, König & Nicol 1982:13). Dit is verder omskryf deur te beklemtoon dat dit die onvervreembare voorreg van die kerk is om die boodskap van versoening tussen God en mens uit te dra. Die brief het dit verder duidelik gestel dat: "dit eweneens die kerk se onvervreembare voorreg is om terselfdertyd die boodskap van versoening tussen mens en mens – selfs tussen hulle wat vroeër vyande was – uit te dra en te getuig dat Christus vir die gelowiges h einde aan alle menslike vyandskap gemaak het en ons tot een nuwe mensheid verenig' het (Ef. 2:15,16)" (Bosch, König & Nicol 1982:14). Wat die eenheid van die kerk betref het die brief dit duidelik gestel: " Ons bely dat die eenheid van die kerk h gawe en h opdrag van God is." En verder: " Die eenheid van die kerk maak ruimte vir verskeidenheid binne die kerk ten opsigte van taal en kultuur" maar dit dan ook duidelik gestel: " Die eenheid behoort egter tot h ander orde as die verskeidenheid. Die eenheid is primêr, die verskeidenheid sekondêr. Die eenheid is normatief en word bely (Twaalf Artikels en Nicea), die verskeidenheid nie(Bosch, König & Nicol 1982:14). Die gevolge van hierdie prinsipiële standpunt vir die Suid Afrikaanse situasie is ook duidelik uitgespel deur te sê:

- Dat die kerk geen ander maatstaf vir lidmaatskap as die belydenis van die ware geloof in Christus mag aanlê nie.
- Dat die verskillende kerke binne die verband van die Nederduitse Gereformeerde Kerke wat in elk geval dieselfde belydenis het en histories uit dieselfde kerk voortspruit, alles in werking behoort te stel om sigbare gestalte te gee aan die eenheid wat bely word.
- Dat lidmate oor en weer welkom behoort te wees in die verskillende kerke.
- Dat die lede van die een Liggaam van Christus mekaar as broers en susters sal aanvaar en nie mekaar se Christenskap sal betwyfel nie"(Bosch, König & Nicol 1982:14).

## Die Profetiese roeping van die kerk

Die Ope Brief het dit duidelik gestel dat die "kerk se roeping verder strek as die bediening van versoening binne die vier mure van die kerk"(Bosch, König & Nicol 1982:15) en verder: " Versoening sluit h profetiese getuienis aan die hele samelewing in en daarom mag die kerk nie swyg oor verskynsels soos sedelike verval, gesinsontwrigting en diskriminasie nie. Die kerk het h grootse geleentheid om God se ' proeftuin' in die wêreld te wees. Dit beteken dat God deur die wêreld iets wil toon van die eenheid, onderlinge liefde, vrede, begrip, mededeelsaamheid en geregtigheid wat Hy vir die hele samelewing bedoel" (Bosch, König & Nicol 1982:15).

Vir die konkrete situasie in Suid Afrika het dit volgens die brief ondermeer die volgende beteken:

- Dat die kerk sy profetiese getuienis met groot vrymoedigheid in die Suid Afrikaanse samelewing mag lewer.
- Dat h bestel waarin onversoenbaarheid tot h samelewingsbeginsel verhef word, en die verskillende dele van die bevolking van Suid Afrika van mekaar vervreem, onaanvaarbaar is.

- Dat die wette wat simbole van hierdie vervreemding geword het, onder meer die oor gemengde huwelike, rasseklassifikasie en groepsgebiede, nie skriftuurlik verdedig kan word nie.
- Dat geregtigheid, en nie bloot wet en orde nie, die rigtinggewende uitgangspunt in die reëling van die samelewing sal wees.
- Dat die gedwonge verskuiwing van mense, ontwrigting van huweliks- en gesinsbande vanweë trekarbeid, onderbesteding aan Swart onderwys, onvoldoende en swak behuising vir Swartmense en lae lone nie rym met die Bybelse eise van geregtigheid en menswaardigheid nie.
- Dat alle mense wat Suid Afrika as hulle vaderland beskou, betrek behoort te word by die uitwerk van 'n nuwe samelewingsbestel.
- Dat hierdie bestel gebou behoort te word op orde en vrede wat die vrug is van geregtigheid, wat beteken dat alle mense gelyke behandeling en geleenthede behoort te geniet" (Bosch, König & Nicol 1982:16).

## Solidariteit

Ten slotte het die skrywers van die Brief hulle: "diepe skuld voor God bely" omdat hulle self ook nie die eenheid van die kerk van Christus voldoende ervaar nie en aandadig was aan baie van die maatskaplike wantoestande wat hulle aangedui het. Hulle het verder die volgende verklaar dat:

- Hulle nog oor die kerk, nog oor die owerheid praat vanuit 'n gesindheid van selfverheffende kritiek maar dat hulle getuigenis spruit uit 'n diepe solidariteit met die kerk en 'n bewussyn van medeverantwoordelikheid ten opsigte van die samelewingsbestel.
- Hulle glo aan bekering, die vergewing van sondes, en 'n nuwe lewe in gehoorsaamheid aan God.
- Hulle het voorts die bede uitgespreek dat die brief daartoe sou meewerk dat die kerk van Christus in Suid Afrika 'n duideliker visie op sy roeping sou kry en dat die uitwerking van 'n nuwe samelewingsbestel in Suid Afrika bespoedig sou word. Die brief is afgesluit met die versekering dat hulle sou volhard in hulle voorbeding vir die kerk en die owerheid" (Bosch, König & Nicol 1982:16).

123 Gelegitimeerdes en predikante van die Ned Geref. Kerk het dit onderteken.<sup>6</sup> Nicol verduidelik dat persone individueel genader is om die brief te onderteken ten einde te voorkom dat die inhoud sou uitlek. Die opstellers van die brief was dit eens dat indien die inhoud vooraf sou uitlek dit die impak daarvan sou neutraliseer.<sup>7</sup>

## RESEPSIE VAN DIE OPE BRIEF

Die publikasie van die Ope Brief het wye positiewe en negatiewe reaksie ontlok. Dit was veral in die korrespondensiekolomme van die Kerkbode waar daar vir maande lank 'n pennestryd gevoer is. Hierdie resepsie toon dat die Ope Brief inderdaad 'n sensitiewe senupunt in die Ned Geref. Kerk aangeraak het.

---

6 Vir 'n volledige lys van die ondertekenaars sien Van der Merwe 1990:282-283.

7 Nicol, WD 2012 Persoonlike onderhoud 18 Junie.

## Positiewe reaksie

Die eerste positiewe reaksie het op Donderdag 10 Junie in die dagblad *Beeld* verskyn. Een van die belangrike teoloë wat reageer het was prof WD Jonker. Hy het ondermeer gesê: "n saak soos die Ope Brief is belangrik vir ons verhouding met buitelandse kerke. 'Sulke tekens van besinning word in die buiteland waardeer. Maar nie net daar nie, ook deur ons jongkerke'" (*Beeld*, 10 Junie 1982:4) Prof JA Heyns, self n lid van die Breë Moderatuur het gevra dat: " gesprek oor die Ope Brief nie by kerkregtelike aspekte<sup>8</sup> vassteek nie maar sal deurdring na die vraag of die inhoud in ooreenstemming met die Skrif is" (*Beeld*, 10 Junie 1982:4). Dr Willem Landman, voormalige Direkteur van Inligting en dertig jaar lank skriba van die Kaapse Sinode was ook van mening dat die Ope Brief van die uiterste belang vir die Ned Geref. Kerk se binnelandse en buitelandse ekumeniese verhoudinge was. Hy het ondermeer sy blydskap uitgespreek dat sake soos die Groepsgebiedewet en die wet op Gemengde huwelike nou n belangrike besprekingspunt in die kerk geword het. "Die kerk moes verantwoording doen oor die sake en gewillig wees om te erken waar hy foute gemaak het. Hy moet n antwoord daarop teenoor homself en teenoor die ganse Christelike gemeenskap gee. Dit moet hy permanent doen, elke dag van sy lewe" het Landman gesê (*Beeld*, 10 Junie 1982:4). Uit die sogenaamde jongkerke het daar ook positiewe reaksie gekom. Ds. EM Mataboge, Assessor van die Algemene Sinode van die Ned Geref. Kerk in Afrika, was van mening dat die Ope Brief die jong kerke bemoedig het. Hy het gesê: "so sien ons dat daar tog mense in die NG Kerk is wat ook soos ons dink. Die briefmanne wys vir die wêreld dat die NG Kerk nie is soos wat baie mense dink hy is nie. Hy het verder gesê: "Ek het simpatie met die broers wat die brief geskryf het. Miskien dink hulle ook die moeder (NGK) vorder n bietjie stadig. Sommige mense van al die kerke in die familie begin moed verloor, want die dinge is al so baie gesê en elke keer word daar net weer gesê: 'Wag vir die sinode'" (*Beeld* 10 Junie 1982:4). Die Ligdraer, kerkblad van die Ned Geref. Sendingkerk het in sy redaksionele kolom soos volg reageer: " Die brief is n belydenis van n aantal gelegitimeerdes van die NGK wat ernstig met die Woord van God geworstel het oor die sake wat hulle aanroer en wat hulle oortuigings langs die weg van hulle kerkblad aan medebroers en susters bekend maak. Vir leraars en lidmate van die NG Sendingkerk is die Ope Brief n groot bemoediging. Dit laat hulle n kant van die NG Kerk sien wat hulle nie elke dag ervaar nie en wat die hoop op n beter dag weereens laat opvlam" (*Die Ligdraer* 16 Junie 1982: 151).

Dit was egter nie net teoloë en kerke wat reageer het nie. Die positiewe gesindheid van "gewone mense", selfs nie-lidmate teenoor die Ope Brief word weerspieël in n brief van n ene me JL Davies wat in die Kerkbode verskyn het. Sy het soos volg geskryf: " As Engelssprekende Suid Afrikaner wil ek baie graag my ondersteuning gee aan die 123 ondertekenaars. Dit was altyd my oortuiging dat die apartheidsbeleid strydig was met lewenswyse wat Jesus aanbeveel het. Soos ek die Skrif verstaan wil Hy hê dat ons alles in ons vermoë doen om almal in ons land vrywillig te laat leef, tuismaak, werk en speel met wie hulle wil. Ek dank God dat hy hierdie 123 mense Sy lig laat sien het en ek bid daagliks dat heelwat meer van my Afrikaner landgenote hierdie vertolking van die Skrif sal aanvaar" ( *Die Kerkbode* 11 Augustus 1982:13). Dr PG du Plessis, redakteur van Hoofstad, het in sy reaksie die bedoeling van die Ope Brief raak saamgevat deur te skryf: "As die kerk in sy openbare getuienis – wat sy reg is - geloofwaardig wil wees; as hy sy lidmate in leiersposisies die regte leiding wil gee; sal hy vir homself moet kan

---

<sup>8</sup> Een van die grootste punte van kritiek teen die Ope Brief was dat die opstellers nie die korrekte kerkregtelike weg gevolg het nie. Dit was die rede waarom dit deur die Breë moderatuur as "nie ontvanklik" afgewys is.

sê: ‘dit het ek getoets aan die letter en die groot oorkoepelende gees van die Woord van God, en so moet ek getuig voor die wêreld oor die praktyk rondom my.’ Hy het verder geskryf: “ U word geroep tot debat ten aanhore van U lidmate wat soek na leiding. Verwerping, bevegting, woordspelery en boosverklaardery sal h ondiens wees aan elke lidmaat van die NG Kerk wat dit erns is met geloof en die toekoms van h Christelike volk” (Hoofstad 9 Junie 1982:8). In reaksie op du Plessis se reaksie het dr WD Nicol geskryf: “Hy het ons verstaan! Ons die ondertekenaars, sê dankie vir honderde ander dergelike reaksies waaruit ons agtergekom het dat daar meer mense is wat ons verstaan as wat ons gedink het”(Nicol 1982:89).

## Negatiewe reaksie

Alhoewel daar oorweldigende positiewe reaksie op die Ope Brief was, het negatiewe reaksie nie uitgebly nie. Dit is egter insiggewend dat die meerderheid van die kritiek teen die Ope Brief gehandel het oor die “kerklike weg”<sup>9</sup> wat nie gevolg is nie terwyl weinig oor die inhoud gesê is. Van die eerste reaksie het gekom van ds. JE Potgieter, die voorsitter van die Breë Moderatuur van die Algemene Sinode van die Ned Geref. Kerk. Hy het hom ten sterkste uitgespreek teen die metode wat gevolg is om die Brief wêreldkundig te maak deur te sê: Indien dit die prosedure word wat in die toekoms algemeen in die kerk gevolg gaan word, voorsien ek verwarring, h chaos en selfs skeuring. Dit is nie die korrekte manier van doen nie”(Beeld, 9 Junie 1982:1). *Die Kerkbode* het in sy kommentaar byna dieselfde mening gehuldig terwyl daar veral te velde getrek is teen die “uiters geheime wyse waarop naamtekeninge gewerf is”( *Die Kerkbode* 9 Junie 1982:5). Dit is duidelik dat daar veral kritiek teen die werksyde was: Enersyds het dit gehandel oor die geheime wyse waarop die stemme gewerf is en andersyds oor die wyse waarop die brief gepubliseer is. Die algemene gevoel was dat die kerk nie so werk nie (Van der Merwe 1990:303). h Volgende punt van kritiek was die datum waarop die brief gepubliseer is. Die aanname is gemaak dat dit h duidelike poging was om die Algemene Sinode wat later in die jaar sou vergader te beïnvloed. Derdens is die eenheidstandpunt wat in die brief gestel is, gekritiseer deur te beklemtoon dat “geestelike eenheid “tog in die Suid-Afrikaanse konteks bestaan. Soos wat tyd verloop het, het die koor van kritiek teen die brief al groter geword.<sup>10</sup>

Hierdie negatiewe kritiek kon egter nie die oorweldigende stroom van positiewe kommentaar stop nie. Die positiewe impak van die Brief word bevestig deur h verdere brief wat op 21 Julie 1982 in die *Kerkbode* onder die opskrif: “Gekibbel oor prosedure is betreurenswaardig”, verskyn het. In die brief het h volgende groep predikante:

- Hulle vereenselwig met dit wat in die brief staan
- Hulle aandaagheid aan die verskeurdheid in die samelewing bely
- Dit duidelik gestel dat die Skrif die enigste norm vir die kerk se boodskap en bestaan behoort te wees.
- Die Ope Brief as h dringende wêreldkundig gesien wat “slegs tot verlies van eer vir die Koning

<sup>9</sup> Die Ope Brief is teen die middel van Maart 1982 aan die voorsitter van die Breë Moderatuur en die hof-uitvoerende amptenaar oorhandig met die versoek: “ dat Hulle ons adviseer oor hoe ons dit ten beste onder die aandag van die kerk kon bring en dat die moderatuur die Brief hanteer. Na raadpleging met lede van die Breë Moderatuur is het hulle eons egter meegedeel dat die brief kerkregtelik nie ontvanklik is nie by die Breë Moderatuur nie en dat hulle nie daarmee kon handel nie.” *Beeld*, 9 Junie 1982 p. 1

<sup>10</sup> Vgl. DD Roslee; “ Metode is onkerkregtelik” *Die Kerkbode*, 30 Junie 1982 p. 6; ds. OSH Raubenheimer:” Sinode beleid bly die beste” *Die Kerkbode* 30 Junie 1982 p6; Dr Attie van der Colf: “ Nou speel julle vir die pawiljoen” *Die Kerkbode*, 7 Julie 1982 p. 9

van die kerk verontagsaam kon word.”

- Die feit betreur dat die diskussie wat die brief verdien nie op dreef kon kom vanweë ’n futiele gekibbel oor prosedure aangeleenthede.
- Alle suggesties wat die skrywers van die brief onder verdenking plaas, verwerp (Die Kerkbode 21 Julie 1982:7).

Uit die resepsie van die Ope Brief 30 jaar gelede, is dit duidelik dat die Brief ’n helder wekroep aan die Ned Geref. Kerk was. Die vraag wat vervolgens beantwoord moet word, is of dieselfde van die brief 30 jaar later gesê kan word. Na my mening is daar inderdaad ’n aantal belangrike sake wat steeds deur die Ope Brief op die agenda van die Ned Geref. Kerk geplaas word en wat die kerk uitdaag om daaraan aandag te gee.

## DIE OPE BRIEF 30 JAAR LATER

### Gesindheid van die opstellers

Die eerste belangrike uitdaging wat die Ope Brief tot die Ned Geref. Kerk rig, is die gesindheid waarmee kerklike leiers leiding gee. Dit word deur die gesindheid van die opstellers van die brief onderstreep. Die aanvanklike pogings deur twee van die skrywers, prof Adrio Koning en Dr Nico Smith was volgens dr Willem Nicol nie aanvaarbaar nie omdat dit te uitdagend en aggressief was. Dit was in sy woorde: “soos om met ’n stok op ’n bynes te gaan slaan.”<sup>11</sup> Dit was duidelik nie die bedoeling van die brief nie. Die uiteindelige formulering van die brief is deur Prof Dawid Bosch gedoen. In die woorde van Nicol was Bosch ’n realis met ’n begrip vir ander wat ’n fyn aanvoeling gehad het vir sy eie mense. “Hy was nie kwaad nie”<sup>12</sup> Hierdie priesterlike gesindheid waarmee hy geskryf het kom in die meegaande brief na vore. Daarin is dit duidelik gestel dat: “die dokument nie ’n nuwe geloofsbelofte, verklaring of getuigenis was nie, maar ’n brief wat aan ’n spesifieke adres gerig was en daarom ’n antwoord verwag het.”<sup>13</sup> Dit was bedoel om gesprek te stimuleer en niks meer nie.” Hierdie gesindheid van nederige diens en toewyding aan die Kerk is uiteindelik deur al die ondertekenaars onderskryf.<sup>14</sup> Dit is juis hierdie gesindheid wat dertigjaar later steeds ’n uitdaging aan die leierskap van die Ned Geref. Kerk rig. Prof Nelus Niemandt, moderator van die laaste Algemene Sinode<sup>15</sup> van die Ned Geref. Kerk verwoord dit in 2012-taal soos volg: “Ons ken almal die ou leierskapstyl waarteen geprotesteer word: sterk manne wat alleen praat en wat mense van ’n goeie saak moet oortuig. Dit gaan oor die sterk visie; oortuigingskrag om die goeie saak te verkoop; om mense te kry om hulleself te gee vir die saak. Die soort leier wat eintlik die laaste refrein van die ou volkslied so kon aanbied dat mense vanself na vore tree en sê – *ons sal lewe, ons sal sterwe, ons vir jou saak!*” Hy gaan dan voort deur te beklemtoon: “Effektiewe leierskap werk deesdae eerder met dialoog en spanne. Dink eerder aan manne en vroue wat sy-aan-sy saam soek en praat oor oplossings vir ’n probleem en wat sy-aan-sy lei. In hierdie benadering gaan dit eerder oor inklusiwiteit, ontdekking, innovasie en gesamentlike rentmeesterskap. Die leier loop nie alleen voor nie, maar is ’n medereisiger.”<sup>16</sup> Dit sal tot voordeel van dialoog binne die Ned Geref. Kerk en in sy verhoudings na buite wees as dieselfde gesindheid deur die kerk leiding weerspieël word.

11 Nicol WD 2012 Persoonlike onderhoud 18 Mei

12 Nicol WD 2012 Persoonlike onderhoud 18 Mei

13 Nicol WD 2012 Persoonlike onderhoud 18 Mei

14 Nicol WD 2012 Persoonlike onderhoud 18 Mei

15 Die Algemene Sinode het in Oktober 2011 vergader.

16 Niemandt 2012 [www.teo.co.za](http://www.teo.co.za)

## Versoening

Die eis van versoening is h tweede belangrike uitdaging aan die adres van die kerk. Die Ope Brief stel dit duidelik dat versoening die onvervreembare reg en taak van die kerk is. Die belangrikheid van hierdie standpunt word verder deur die Belharbelydenis beklemtoon wat dit soos volg stel: Ons glo dat God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het; dat die kerk geroep is om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees; dat die kerk salig genoem word omdat hulle vredemakers is; dat die kerk deur woord en daad getuies is van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid woon; dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees die magte van sonde en dood, en daarom ook van onversoendheid en haat, bitterheid en vyandskap, oorwin het; dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees sy volk in staat stel om te leef in 'n nuwe gehoorsaamheid wat ook in die samelewing en wêreld nuwe lewensmoontlikhede kan bring.<sup>17</sup> Dat Suid Afrika h land is waar daar h groterwordende behoefte aan versoening is, word deur uitsprake van verskillende politieke leiers bevestig. Die huidige president van Suid-Afrika, Jacob Zuma het tydens h toespraak op Versoeningsdag, 16 Desember 2011 onder meer gesê dat nasionale versoening krities is om 'n inklusiewe gemeenskap te bou. "Ons as regering is bewus dat dit 'n reis en nie 'n geleentheid een keer per jaar is nie. Versoening is 'n tweerigtingproses en alle gemeenskappe moet deelneem om die trane af te droog en wonde te heel."<sup>18</sup> Hierdie sentimente is deur ander politieke leiers ondersteun. Me. Patricia de Lille, OD-leier en burgemeester van Kaapstad, het gesê: "Dit is die taak van die volgende geslag om te verseker dat daar versoening in die land is" (*Die Burger*, 17 Desember 2011:1). Indien die Ned Geref. Kerk hierdie wekroep ernstig neem, kan die kerk in Dawid Bosch se woorde h onmisbare proeftuin word waar lidmate in h veilige ruimte versoening kan oefen om dit dan te waag om dit in die alledaagse lewe te gaan leef.

## Kerkeenheid

h Derde belangrike uitdaging is die wekroep tot kerkeenheid. Die Brief stel dit immers : "Ons bely dat eenheid h gawe en h opdrag van God is" (Bosch, König & Nicol 1982:14). Sedert 1982 het verskeie pogings tot kerkeenheid in die familie van Ned Geref. Kerke skipbreuk gelei.<sup>19</sup> Die onvoorwaardelike aanvaarding van die Belydenis van Belhar as vierde belydenisskrif deur die onderskeie kerke het hierin h groot rol gespeel. Dat die Ned Geref. kerk die erns van hierdie wekroep besef blyk uit die besluit van die Algemene Sinode van 2011. Die sinode het soos volg besluit: "Die Algemene Sinode besluit om die Belydenis van Belhar op kerkordelike wyse deel van die NG kerk se belydenisgrondslag te maak en dra dit aan die Moderamen op om die nodige kerkordelike prosesse hiervoor in werking te tel."<sup>20</sup> Een van die verdere belangrike besluite wat oor kerkeenheid geneem is, lui soos volg: "Die NG Kerk herbevestig sy ernstige en duidelike verbintenis tot die herstel van een kerkverband met die ander drie kerke van die Familie, nl. die VGKSA, die NGKA en die RCA. Hierdie verbintenis is gegrond in die oortuiging dat die Here dit van ons vra - ter wille van sy eer (Joh. 17:23) en ter wille van ons gesamentlike roeping (Ef. 4:4) en getuienis in Afrika – sodat die wêreld kan glo."<sup>21</sup> Die Ned Geref. Kerk het hom ook tydens die sinode opnuut verbind tot organiese kerkeenheid. Hierdie besluite is opgevolg met h brief wat deur die moderamen van die Ned Geref. Kerk aan die lidmate van die Ned

17 [www.ngkerk.org.za](http://www.ngkerk.org.za) [12 Julie 2012 09:00]

18 Uitgereik deur die kantoor van die President: 16 Desember 2011. [www.gov.za](http://www.gov.za) [27 Februarie 2012]

19 [www.ngk.org.za](http://www.ngk.org.za) [12 Julie 2012. 09:30]

20 [www.ngk.org.za](http://www.ngk.org.za) [12 Julie 2012. 09:30]

21 [www.ngk.org.za](http://www.ngk.org.za) [13 Julie 2012. 10:00]



Geref. Kerk gestuur is waarin ondermeer verduidelik is hoe die pad tot nou toe geloof het en hoe die proses vorentoe kan ontwikkel. In die brief word duidelik gestel dat h nuwe proses op dreef kom en voorbedding van al die lidmate word gevra.<sup>22</sup> Dit wil voorkom asof nuwe deure inderdaad so oopgegaan het wat die wekroep van die Ope Brief 30 jaar gelede inderdaad h moontlikheid maak.

### Profetiese roeping van die Kerk

h Vierde belangrike uitdaging is die profetiese roeping van die kerk. Alhoewel verskeie van die sake wat in die brief genoem waarteen die kerk hom in die verlede profeties moes uitspreek<sup>23</sup> na 1994 nie meer in h post apartheid Suid- Afrika<sup>24</sup> ter sake is nie, beklemtoon die brief tog die profetiese roeping van die kerk ten opsigte van diskriminasie, sedelike verval, geregtigheid en versoening. Dat hierdie saak van die profetiese roeping van die Kerk steeds belangrik is blyk uit die *Roepingsverklaring* van die Algemene Sinode van die Ned Geref. Kerk van 2011 wat soos volg lui: Die NG Kerk dank God dat ons in so h uitdagende tyd, binne h Suider-Afrikaanse konteks saam met ander kerke, God se kerk mag wees. Sy liefde en genade is sonder twyfel groot. Die NG Kerk besef, en het uit die geskiedenis geleer, dat ons net werklik kerk van God kan wees as ons onself prysgee en Hom volg. Die Drie-enige God stuur ons sy wêreld vol as getuies van sy liefde vir sy hele skepping. " Dit gaan dan ondermeer voort: " Daarom *bely* ons ons bestaan nie ter wille van onself nie, en weet ons dat ons die sout en lig vir die wêreld is. Ons is die suurdeeg wat die plig het om die tekstuur van ons samelewing te verander. Hierdie hoë roeping is nie vir ons h las nie, maar h vreugde. Ons is die jeugdige bruid van Christus wat by wyse van ons erediens, aksies en optredes die toekoms tegemoet dans deur die aantrek van die fyn linne van dade van geregtigheid.<sup>25</sup>In h Suid Afrikaanse samelewing waar korrupsie, geweld en misdaad hoogty vier , mag die kerk nie swyg nie. Die Bybelse eise soos treffend in die Belharbelydenis uitgespel word moet aangespreek word. Die Belharbelydenis verwoord dit soos volg: Ons glo dat God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het; dat die kerk geroep is om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees; dat die kerk salig genoem word omdat hulle vredemakers is; dat die kerk deur woord en daad getuies is van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid woon; dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees die magte van sonde en dood, en daarom ook van onversoendheid en haat, bitterheid en vyandskap, oorwin het; dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees sy volk in staat stel om te leef in 'n nuwe gehoorsaamheid wat ook in die samelewing en wêreld nuwe lewensmoontlikhede kan bring.<sup>26</sup>

### Kritiese Solidariteit

h Vyfde en laaste uitdaging wat die Ope Brief tot die Ned Geref. Kerk rig is om solidariteit te betoon met die wat ly en swaarkry. Du Rand is van mening dat die onherroeplike politieke situasie in die land die hoofrede is waarom baie lidmate die kerk se solidariteit verlang en die kerk beleef as die laaste oorblywende vesting van die Afrikanerdom (Du Rand 2002:19). Dit kan daartoe lei dat die Ned Geref. Kerk opnuut vasgevang word in die slaggat van h volkskerk.

<sup>22</sup> [www.ngk.org.za](http://www.ngk.org.za) [14 Julie 2012. 11:00]

<sup>23</sup> Die Wet teen rasgemengde huwelike, groepsgebiede en rasseklassifikasie tel onder die wette wat spesifiek deur die Ope Brief genoem word.

<sup>24</sup> Die eerste demokratiese verkiesing waaraan alle landsburgers kon deelneem het op 27 April 1994 plaasgevind.

<sup>25</sup> [www.ngk.org.za](http://www.ngk.org.za) [13 Julie 2012 09:00]

<sup>26</sup> Belydenis van Belhar [www.ngk.org.za](http://www.ngk.org.za) [13 Julie 2012 09:00]

Juis daarom beklemtoon Hofmeyr en Kruger (2011:120) dat hierdie solidariteit altyd kritiese solidariteit moet wees met die belewenisse van lidmate in die nuwe Suid Afrika en tipeer hulle dit ook as een van die boustene vir die toekoms van die Ned Geref. Kerk. De Villiers noem dit 'n inklusiewe transformasiebenadering wat in die Ned Geref. Kerk onderskraag moet word: "deur 'n omvattende spiritualiteit wat spruit uit 'n lewende ervaring van God se omvattende liefde en sorg vir sy skepping en sy besondere sorg vir weerlose en swak mense. In gebede moet nie net ons sonde in persoonlike verhoudinge bely word nie, maar ook ons sondige aandadigheid aan die nood van arm en siek mense, al is dit dan ook net vanweë ons onbetrokkenheid en versuim om iets aan hul nood te doen. Nie slegs die nood van lidmate in die gemeente wat ons ken, moet in die gebed tot God gebring word nie, maar ook die nood van die bedelaars by ons hekke, en die groot persentasie mense in ons land wat werkloos is en met MIV/VIGS geïnfecteer is. En die prediking moet nie net getuig van God se liefde en sorg vir elkeen van ons wat in die kerk sit nie, en van ons verantwoordelikheid om mekaar as gementelede by te staan nie, maar van God se liefde en sorg vir die wêreld en sy besondere sorg vir weerlose mense en ons verantwoordelikheid om op alle lewensterreine en teenoor alle mense, en in die besonder teenoor weerlose mense, maar ook teenoor diere en plante, om aan God se omvattende sorg in ons eie optrede gestalte te gee" (De Villiers 2008:369). As die Ned Geref. Kerk getrou wil wees aan sy roeping, sal hy hierdie uitdaging nie kan ontduik nie, maar sal dit omarm moet word met al die eise wat dit behels.

## SLOT

Die Ope Brief aan die Ned Geref. Kerk is op 9 Junie 1982 gepubliseer. Dit het groot reaksie ontlok omdat dit die kerk uitgedaag het om nuut te dink en nuut te doen in 'n tyd toe baie kerkleiers en lidmate krampagtig vasgeklou het aan die welbekende apartheidsbeleid<sup>27</sup> van die verlede. 30 Jaar later, weerklink die weskroep van die Ope Brief steeds hard en duidelik. Dit daag die leierskap van die Ned Geref. Kerk opnuut uit om in nederigheid te lei. Dit daag die kerk uit om dringend aandag te gee aan die saak van versoening in 'n land waar groter wordende polarisasie en rassespansing 'n daaglikse werklikheid is. Dit daag die kerk uit om kerkeenheid met nuwe erns na te streef en om sy profetiese roeping in Suid Afrika met nuwe ywer en toewyding te vervul. Laastens vra dit van die kerk om in kritiese solidariteit met sy lidmate saam op reis te wees die toekoms in. Na 30 jaar, sal dit die Ned Geref. Kerk loon om die Ope Brief weer met erns te lees, die weskroep weer 'n slag helder te hoor en om die uitdaging wat dit op die tafel plaas, opnuut te aanvaar.

## BRONNELYS

- Bosch, DJ 1982. *Die Ope Brief in Konteks* in Bosch, DJ; König, A & Nicol, W (reds.) 1982. *Perspektief op die Ope Brief*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Bosch, DJ; König, A & Nicol, W (reds.) 1982. *Perspektief op die Ope Brief*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- De Villiers, DE 2008. *Kan die NG Kerk nog 'n konstruktiewe rol in die Suid Afrikaanse samelewing speel?* Verbum et Ecclesia JRG 29(2).
- Du Rand, J 2002. *Ontluisterende wêreld: Die Afrikaner en sy kerk in 'n veranderende Suid Afrika*. Wellington: Lux Verbi. BM.
- Gaum, FM 1997. *Die verhaal van die NG Kerk se reis met apartheid 1960-1994*. Wellington: Hugenote uitgewers (Algemene Sinodale Kommissie).
- Hofmeyr, JW & Kruger P 2011. *Boustene vir die toekoms Deel III*. NGTT Vol 52 no1.

<sup>27</sup> Die Ope Brief het die amptelike beleid van die Ned Geref. Kerk soos vervat in *Ras, Volk en Nasie* gekritiseer en die kerk uitgedaag om nuut te dink oor sy rol in die samelewing.

- Lückhoff, A & Nicol W 1982. *’n Historiese perspektief op die Ope Brief* in Bosch, DJ; König, A & Nicol, W (reds.) 1982. *Perspektief op die Ope Brief*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Nicol, W 1982. *Die openbare antwoorde op die Ope Brief: ’n Kritiese ontleding* in Bosch, DJ; König, A & Nicol, W (reds.) 1982. *Perspektief op die Ope Brief*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Niemandt, CJP 2012. *Leierskap deur netwerke en nie deur hiërargiese strukture I*. [www.teo.co.za](http://www.teo.co.za) [9 Julie 2012. 09:00]
- Van der Merwe, JM 1990. *Ras, Volk en Nasie en Kerk en Samelewing as beleidstukke van die Ned Geref. Kerk – ’n kerkhistoriese studie*. Ongepubliseerde DD Proefskrif: Universiteit van Pretoria.

Koerante en dagblaie

*Beeld*, 9 Junie 1982

*Die Kerkbode*, 9 Junie 1982

*Hoofstad*, 9 Junie 1982

*Beeld*, 10 Junie 1982

*Die Burger*, 10 Junie 1982

*Die Ligdraer*, 16 Junie 1982

*Die Kerkbode*, 21 Julie 1982

*Die Kerkbode*, 11 Augustus 1982

*Die Burger*, 17 Desember 2011

Webwerwe

[www.teo.co.za](http://www.teo.co.za)

[www.ngk.org.za](http://www.ngk.org.za)

Persoonlike onderhoud:

Nicol, W 18 Mei 2012

## **TREFWOORDE**

Apartheid

Versoening

Profetiese roeping

Kritiese solidariteit

Kerkeenheid

Kontakbesonderhede

Johan M van der Merwe

Senior Lektor

Departement kerkgeskiedenis en Kerkreg, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria

Suid Afrika

Johan.vdmerwe@up.ac.za

002712 4202818 / 0825653768